ST. MARY'S HOSPITAL REHOBOTH

P.O. Box 3001, Rehoboth NAMIBIA
Tel.: 062 522006 Fax: 062 522308
E-mail: stmarys@chs-namibia.org - Web: http://www.chs-namibia.org

(ASSOCIATION INCORPORATED UNDER SECTION 21)

Enq: Renovation

Rehoboth, 8th August 2007

Pers Verklaring

Op Maandag, 13th Augustus 2007, sal St. Mary's Hospitaal Rehoboth met 'n groot herstel - en opknappings werk begin. Dit is ook die enigste CHS Distrik Hospitaal wat nog nie opgradeer was na onafhanklikheid nie.

Die St. Mary's Hospitaal word bestuur deur Catholic Health Services (CHS) terwyl die eiendom aan die Rooms Katolieke Kerk, Bisdom van Keetmanshoop behoort. As 'n Distrik Hospitaal, word dit gesubsideer deur die Ministerie van Gesondheid en Maatskaplike Dienste (MOHSS). Volgens die ooreenkoms tussen die Katolieke Kerk en die Ministerie van Gesondheid en Maatskaplike Dienste word dit dan ook verwag van die MOHSS om voort te gaan met die lang staande ooreenkoms met CHS in hierdie projek om 50% van die herstelwerk koste te dra.

Die herstelwerk word vir die volgende 3 jaar beplan, en dit word in fases gedoen, afhanghende van die beskikbaarheid van fondse. Die algehele koste van die projek word beraam teen ongeveer 38 MiljoenN$. Enige vrywillige bydrae sal hoog waardeer word. Kontak die projek kantoor by St. Mary's Hospitaal, Telefoon No. 062 52 2006, email. stmarys.renovation@chs-namibia.org. http://www.chs-namibia.org .

Die planne van die projek is gebaseer op 'n uitvoerbaarheids studie en ontwerp verslag van Eckhard Siedentorf, Argitek Ontwerpe van Windhoek. Die Bourekenaar is Dawn Adams & Vennote, Windhoek. By die Hospitaal is 'n projek kantoor ingerig, om met die verskillende sakevennote, donateurs en die gemeenskap se behoeftes en navrae te hanteer.

Op Maandag, 13th Augustus 2007 word met die eerste fase, wat die veranderinge en herstelwerk van die Kindersaal insluit, begin. Dit alles is te danke aan die Franse Ambassade in Namibie, Die Johanniter Intl. In Duitsland, Missio Wurzburg in Duitsland en die Bisdom van Wurzburg, en die PMK (skryf volledige naam uit) vir die voorsiening van fondse.
Die nuwe Kindersaal sal teen November 2007 gereed wees.

Die aanvangs van die projek by St. Mary's Hospitaal begin die 13 Augustus 2007, Maandag – 10h00, dit word geopen deur Biskop, Philipp Pollitzer (Bisdom van Keetmanshoop), Sr. Ottile Kutenda (Direkteur van CHS), Mrs. Castellanos (MOHSS) en die Argitek – Mr. Eckhard Siedentoft.

Directors: Bishop J. Shikongo (Chairman), Archbishop L. Nashenda, Bishop P. Pöllitzer, Sr. I.K. Poroto, Dr. G. Thengumthottathil, Sr. M. Haita, Sr. B. Bohetile, Sr. O. Kutenda (Dir. Health)